

ORACLE HRMS

Opleidingshandleiding

***Jaarlijkse hersiening van
kostepunttoegang op
sun-e-HR***

Inhoudsopgawe

Jaarlikse hersiening van kostepunttoegang.....	3
Inleiding	3
Hersieningsproses.....	3
Per werknemer.....	5
Per kostepunt	6
Navrae en kontakbesonderhede.....	7

Jaarlikse hersiening van kostepunttoegang

Inleiding

Verantwoordelike kostepuntbestuurders:

- moet jaarliks as deel van Menslike Hulpbronne se ouditvereistes 'n hersiening onderneem van werknemers se kostepunttoegang op die sun-e-HR-stelsel; en
- sal per e-pos verwittig word sodra die proses begin.

Die hersieningsproses sal voortaan aanlyn bestuur word en per werknemer geskied. Die proses is slegs van toepassing op daardie werknemers met toegang tot kostepunte op die sun-e-HR-stelsel. Toegang tot kostepunte op die finansiële stelsel sal nie deur hierdie proses beïnvloed word nie.

Toegang tot kostepunte op die sun-e-HR-stelsel stel persone slegs in staat om bestedingsverslae te onttrek. Geen kostepuntaanpassings kan deur die sun-e-HR-stelsel gemaak word nie.

Indien geen stappe uitgevoer word nie, sal toegang tot kostepunte beëindig word. Sodanige werknemers sal van voor af om toegang moet aansoek doen.


Hersieningsproses

Verantwoordelike kostepuntbestuurders sal 'n e-pos ontvang oor die personeellede wie se toegang hersien moet word (fig. 1).

Type	Subject
SUN - Stellenbosch General Item Type	Annual Review process of cost centre access on the sun-e-HR system


Figuur 1

Maak die e-pos oop en klik op [click here](#) om die skakel te volg (fig. 2).




Figuur 2

As alternatief kan u aanmeld op sun-e-HR > SUN Employee Self-Service > Annual Review Process > Cost Centre Manager (fig. 3).



Figuur 3

'n Bladsy sal verskyn waar kostepuntbestuurders die keuse sal hê om kostepunttoegang te hersien deur hetsy 'n werknemer of 'n spesifieke kostepunt op die tuimelkieslys te kies (fig. 4).



Figuur 4


Per werknemer

Sodra 'n werknemer gekies word, sal 'n lys kostepunte verskyn wat aan daardie werknemer gekoppel is (fig. 5). Gaan hierdie lys na.

Indien dit steeds geldig is, klik op om die hersiening af te handel.

Gaan voort deur die volgende werknemer op die lys te kies totdat alle werknemers se toegang hersien is.

Indien toegang tot enige kostepunt nie meer geldig is nie, kies die blokkie regs van die kostepunt om die regmerk te verwyder, en bevestig die versoek.



*Per Cost Centre

*Per Employee: Oliver, Miss Mandy Olivia

Employees Current Access

If the employee must still have access to the listed Cost Centre(s), please click on the confirm button. If access to any of the listed Cost Centre(s) need to be removed, please untick the approval box for that specific cost centre, and submit the changes.

Cost Centre	Cost Centre Description	Approve?
B001R	VB BEGROTING (UITGESLUIT KOSHUISE)	<input checked="" type="checkbox"/>

1 - 1

Figuur 5

Hierdie aksie sal outomaties toegang tot die betrokke kostepunte beëindig. Die werknemer sal dus van voor af moet aansoek doen om enige nodige toegang te herstel.

Per kostepunt

Sodra 'n kostepunt gekies word, sal 'n lys werknemers met toegang tot die kostepunt verskyn (fig. 6).



*Per Cost Centre B020 - HUISVESTING
*Per Employee

Employees' with Cost-Centre access

If the employee must still have access to this Cost Centre, please click on the confirm button. If there is any employee(s) access that must be removed from the listed Cost Centre, please untick the employee(s) and submit the changes.

Full Name	Approve?
Swanepoel, Advocate Heinrich	<input checked="" type="checkbox"/>

1 - 1

Confirm

Confirm

Figuur 6

Gaan hierdie lys na.

Indien dit steeds geldig is, klik op **Confirm** om die hersiening af te handel.

Gaan voort deur die volgende kostepunt op die lys te kies totdat alle kostepunttoegang hersien is.

Indien toegang vir enige werknemer nie meer geldig is nie, kies die blokkie regs van die werknemer om die regmerkies te verwyder, en bevestig die versoek.

Hierdie aksie sal outomaties toegang tot die betrokke kostepunte beëindig. Die werknemer sal van voor af moet aansoek doen om enige nodige toegang te herstel.

Navrae en kontakbesonderhede

Vir enige navrae, kontak gerus die Menslike Hulpbronne Kliëntedienssentrum by 021 808 2753 of sun-e-HR@sun.ac.za.